



EERSTE GELUI

van **DIE KERKKLOK**

11 November

Bid asseblief vir die kerkraadsvergadering Maandagaand.
Dis ook die jaarlikse kerkraadsverkieping.




**Kerksaal, Eerstelaan 38 om
08:30**

Ds. Jannie Hougaard is aan die woord.

Hy lees uit Joh. 1: 1-14 en
Joh. 3: 16-21

**Tema:
Die ewige lewe?**



**Kerk, Vierdelaan 67 om
09:30:**

Dr, Chris Malan lei die diens
en hy gaan lees uit **Psalm 77.**

**Tema:
Sy (onsigbare) voetspore
verklap Hom!**



**Gemeentesentrum, Disaweg
Bettysbaai om 09:00:**

Ds. Ben de Wet is die liturg. Hy
gaan lees uit **Matteus 5: 38-48 en
Lukas 13: 10 – 16.**

**Tema:
Kerkwees is nie altyd maklik
nie!**



**DEURKOLLEKTE
Herberg Kinderhuis**

WEEK SE AKTIWITEITE

Sondag	18:00	Bybelskool
Maandag	18:30	Kerkraadsvergadering
Dinsdag	15:00	Vrouediens-afsluiting
	16:30	Gebedsgroep in konsistorie
Woensdag	16:00	Streekkerkraad: Berg
	17:00	Streekkerkraad: See
Donderdag	16:00	Kooroefening
Vrydag		Hangklip Jaareindgeselligheid

ONS GEE OM

WAAR DAAR HARTSEER EN KOMMER IS...

Ons dink veral aan Ezette Swanepoel: PM1, Ettiëne Gouws: BB5, Lida Fourie: Bb1, Johan Els: Sa1, Eric Bester: Sb1, Riti Turner KB1 (☎4917) en Marianne Oosthuizen: KP.

Ons harte gaan uit na Wessel en Anna de Villiers van Ba3 wie se kleinkind oorlede is.



'N SKAAP VIR R30

Blok Sc se wykslede loop met lootjielyste waar 'n skaap vir net R30 gewen kan word. Ook by die kerkkantoor is die winskopie beskikbaar.

Gelukkige VERJAARDAG!

Baie geluk aan almal wat hierdie week verjaar. Mag dit 'n jaar van vrede en vreugde in die Kleinmond-gesin van ons Hemelse Vader wees.

11 November

Laticia Acker (Bb2)
Ellie Bubb (BB1)
Briand Louw (BB2)
Ellen Louw (BB2)
Martin Mostert (PB3)
Saretta Smuts (Bb4)
Chris van Altena (Sa1)
Johann van Rensburg (Sa1)
Carina Wolfaardt (PM3)

14 November

Thys Louwrens (Ba3)

12 November

Braam Brink (Ba1)
Merle Foot (BB3)
Louw Nieuwoudt (Sa1)
Annatjie Swart (Sa2)
Danie Van Zyl (Bb4)
Marieda Visser (KB5)

15 November:

Zachi de Beer (HK1)
Jaco Janse van Rensburg (Sc4)
Alda Linde (Sa2)
Andrew Loxton (BB3)
Maretha Mouton (PM1)
Johan Nieuwenhuis (PM4)
Lourens van der Merwe (Sa1)
Loryna Wentzel (KB3)

13 November

Anna-Marie du Preez (Sb4)

16 November:

Willie Burger (Sa1)
Dalene de Kock (HK1)
Johann Erasmus (KB1)
Xandré Harmse (Bb4)
Pieter Joubert (KB5)
Lisel Krige (BB3)
Loe Morkel (Ba1)
Suzanne Odendaal (BB1)
MJ Van Rooyen (Sb2)

17 November

Alec Conradie (Sa4)
Wolfgang Heuer (Sa4)
Babsie Kruger (PM5)
Ruben le Grange (PM5)
Katelyn Mather (PB2)
Stefan Olivier (BB1)
Marlena Theunissen (Bb2)



VROUEDIENS



Op Dinsdag 13 November sluit die Vrouediens amptelik af vir die jaar. Dis 'n kuiermiddag waartydens elke blok 'n nommer lewer sonder 'n formele spreker. Laat weet asseblief vroeg Maandag wat julle blok se nommer is sodat die program gefinaliseer kan word.

Kaartjies teen R15 is nog Maandag tot 12:00 by die kerkkantoor beskikbaar.

Ons sit as wyke of vriende met 'n gasvrou vir elke tafel. Die gasvrou sorg vir die taferversiering, servette en iets soets. Die gasvrou sorg ook vir 'n teepot, melkbeker en suikerpot.

Melk, suiker, twee soutigheidjies, koppies en kleinbordjies word voorsien.

*Lidmate wat wil kan 'n bydrae vir die
Kerspakkie saambring: koekies, beskuit,
snoepgoed, kinderboeke, speelgoed,
lapsakke.*

Skoonmaker vir

kerkgebou gesoek

Een maal per week word die kerk van
hoek tot kant skoongemaak, Soos
nodig word die stoepe en vensters
ook gewas. Na die vorige
skoonmaker se dood vra ons dat
belangstellendes voor die einde van
November 'n CV by die kerkkantoor
sal afgee. Of dit e-pos na
nelineburger@gmail.com.

CON SPIRITO

Die kaartjies vir die konsert is uitverkoop. Indien
iemand 'n kaartjie gekoop het en nie meer kan gaan nie,
kan dit na die kerkkantoor gebring word sodat van die
mense op die waglys gehelp kan word.

SOPKOMBUIS

Die sopkombuis is op soek na 'n bestuurder. Hy of sy is nie betrokke by die opstel van skedules of saamstel van spanne of die finansies nie. Hy of sy doen slegs die oorhoofse bestuur. Vir meer inligting kan Alice gebel word (072 611 1642 of 028 271 3123)

DEMENSIE

ONDERSTEUNINGSGROEP

Die groep vergader op 15 November om 10:00 by Kogelpark. Die spreker is Joan Marais en sy kom praat met ons oor hantering van finansiële aspekte met demensie in die gesin. Almal welkom. Bel Madeleine 082 434 7377

BESTEL DIE KERKBODE

Lidmate wat in 2019 wil inteken op die Kerkbode, kan dit teen R150 by die kerkkantoor kom doen. Dit is vir 20 uitgawes. Indien u self inskryf, is die koste R417 per jaar.

Sterkte eksamenskrywers – veral die matrieks.



GEBEDFOKUS

Ons dank God vir sy reddingsplan om ons met Hom te verenig. Ons verstaan dat as ons ons oë op Jesus moet hou sodat ons op stormwaters kan loop.

- Ons verklaar ons vertroue op Hom en hou vas aan die nuwe verbond wat Hy met ons gesluit het.
- Ons tree in vir die sendelinge en bid vir bo-natuurlike beskerming teen die vervolging wat hulle moet deurleef.
- Ons oë is op die Here gerig om te sien wat Sy beplanning vir ons gemeente en die Overberg gemeenskap is sodat ons in harmonie daarmee kan werk.
- Ons doen voorbidding vir die Polisie, Sekuriteitspersoneel en Brandbestryders
- Ons verstaan dat dit God se begeerte is dat ons heilig moet leef en dat ons moet groei in ons geloof. Ons bid vir die begeleiding van die Heilige Gees hiervoor

AGAPE AKSIE

Die Agape-aksie is die naam van die skakelgroep van vroue van die BGK en VGK. Van 16 tot 18 November gaan die groep lekker kamp by die Grail Centre.

Mev. Jurita Snyman gaan die geestelike deel hanteer en haar tema is *Boas en Rut*.

Almal is baie welkom om hierdie naweek met ons te kom deel – al was jy nog nooit by 'n byeenkoms nie.

Datum: Vrydag vanaf 5 uur tot Sondag ongeveer 3 uur.
Plek: Grail Centre
Koste: R100 per dag per persoon

Bring saam: Handdoek, Persoonlike toiletware. Jouself, oopgestel vir die werking van die Heilige Gees en baie liefde in jou hart.

LAAT WEET ASB VOOR 13 NOVEMBER SODAT ONS VIR JOU 'N BED KAN BESPREEK.

**BEL: Judith by 082 3251231 of 028271 5577
of Sanet by 083 3301282 of 028271 3208**



Leraars:

Ds. Steven Sass 072 352 8347

sasssteven@hotmail.com

Dr. Chris Malan 072 198 7279

drchrismalan@outlook.com

Kerkkantoor: 0282713470 nelineburger@gmail.com

Webwerf: www.ngkkleinmond.co.za

Facebook: NGK Kleinmond.